

Gee dit net vir die Here

(‘n Vals oortuiging wat Christene van hulle koppe af dryf)

Mense wat jare lank aan alkohol, dwelms, of pornografie verslaaf was en dit reggekry het om dit te oorwin, ‘n u-draai te maak en dan ‘n opbouende bydrae tot die samelewing te maak, is legio. Toe ek aan een so ‘n persoon vra hoe hy dit reggekry het, antwoord hy so droogweg: “Dit was nie té moeilik nie. Ek het net 7 AA byeenkomste per dag bygewoon.”

Wat hy eintlik bedoel het, was dat sy genesing en herstel nie uit die lug geval het nie. Dit het harde werk gekos en in die proses het hy ontdek dat God van ons verwag om Sy vennote van ons heiligmaking te wees. Dit is veral waar as ons enigsins emosioneel en geestelik wil groei. Volgens God beteken dit ‘n vennootskap tussen Hom en ons.

God het gekies om dit nie alleen te doen nie en het ‘n sisteem ontwerp waar Hy saam met ons werk om ons te genees en volwasse te kry (Romeine 8:29; 2 Korintiërs 3:18). Hy verwag van ons om aktiewe, verantwoordelike deelnemers van ons eie genesing te wees.

Luister na hoe Paulus dit stel: *“Therefore, my dear friends, as you have always obeyed – not only in my presence, but now much more in my absence – continue to work out your own salvation with fear and trembling, for it is God who works in you to will and to act according to His good purpose” (Phil 2:12,13). “For we are God’s workmanship, created in Jesus Christ to do good works” (Eph 2:10, NIV).*

Met ander woorde, ons is God se mede-werkers om ons verlossing uit te werk. Ons is rentmeesters van ons eie verlossing en heiligmaking.

Baie Christene neem egter ‘n passiewe houding teenoor hulle geestelike en emosionele groei aan, veral as hulle met emosionele pyn, karakterswakhede, lewensituasies wat verandering vereis, of drome wat gerealiseer moet word, worstel. Sulke Christene het dikwels ‘n “let go and let God” siening van hulle genesings- en groeiproses.

Hierdie (vals) oortuiging – “ek moet dit net vir die Here gee” – kan Christene letterlik tot raserny dryf. En die kerk is tot ‘n groot mate skuldig hieraan! Gee dit net vir die Here, kom net in God se teenwoordigheid en alles sal verander. So asof ons maar kan aangaan met ons geestelike laksheid en verkeerde lewenstyl. God verander alles. Al wat ons moet doen, is om net in Sy teenwoordigheid te kom en alles vir Hom te gee. En om dan met ‘n skok agter te kom dat niks verander nie – en dat ons nog net so passief en verkeerd lewe soos voor ons alles vir die Here gegee het!

En sommige kerke neem dit nog ‘n trappie verder. Wanneer God nie jou alkohol- of dwelmverslawing, jou kort humeur, jou verlawing aan pornografie, jou onvermoë om te

vergewe, of wat ookal wegneem nadat jy alles vir Hom gegee het nie, is daar iets fout met jou geloof! Watter geloofskrisis skep sommige kerke nie by hulle lidmate nie!

Parallele waarhede

Hier is 'n paradoks wat baie gelowiges sukkel om te verstaan: ons kan onself nie red nie en ons moet aktiewe deelnemers van ons genesing- en groeiproses wees.

Aan die een kant sê die Bybel dat as ons onself probeer red, sal ons dit verloor (Matteus 16:25). Ons is dood as gevolg van ons oortredings en sonde (Efesiërs 2:1). Dit is God wat ons verlossing inisieer en dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus kom (Filippense 1:6).

Sonder hierdie waarheid (**ons kan onself nie kan red nie**) en sonder sy tweelingboetie (**ons moet aktiewe medewerkers in ons verlossing wees**), sal opregte gelowiges God vra om hulle depressie te genees, hulle angs weg te vat, hulle van bulimia te genees. Dan is hulle teleurgesteld, verward, en gefrustreerd wanneer God nie daarin slaag om hierdie oorvloedige lewe vir hulle te gee nie.

Die parallelle waarheid van ons magteloosheid, is dat ons aggressief en ywerig moet werk aan ons verlossing om dit wat God vir ons verwerf het, te ontvang. Die Bybel is duidelik oor die aktiewe rol wat ons moet speel in ons verlossing:

Be diligent in these matters; give yourself wholly to them, so that everyone may see your progress. (1 Timothy 4:15)

Fight the good fight of the faith. Take hold of the eternal life to which you were called. (1 Timothy 6:12)

I press on toward the goal to win the prize for which God has called me heavenward in Christ Jesus (Philippians 3:14)

As ek nie my deel doen nie, sal geen groei plaasvind nie.

'n Paar passiewe leerstellings

Daar is twee populêre leerstellings oor emosionele groei:

Die "Posisie" Leerstelling

Jy moet net op jou posisie in Christus fokus. Hy het alles vir jou gedoen. Hy is voldoende. As jy waarlik aan jou posisie in Christus glo, sal jy van hierdie emosionele warboel waarin jy jou nou bevind, ontsnap.

Hierdie leerstelling maak 'n wanvoorstelling van die proses van heiligmaking. God het vir ons

'n ewige posisie verseker, maar die Skrif leer ook dat ons dit wat God vir ons verseker het, in besit moet neem.

God het byvoorbeeld vir Israel die beloofde land "verseker", maar hulle moes dit nog steeds gaan inneem het.

God het vir ons 'n posise in Christus verseker, maar ons moet nog steeds saam met Hom veg om daardie posisie in te neem. Ons moet aktief betrokke wees in ons heiligmakingsproses.

Om aan Christene te sê dat al wat hulle moet doen, is om hulle posisie en sekuriteit in Christus te ken, ontnem hulle van hul verantwoordelikheid vir hul heiligmakingsproses – die verantwoordelikheid om die pyn en die probleme wat dit veroorsaak het, te konfronteer. Hierdie leerstelling (gee alles net vir die Here) klink so heilig en geestelik, maar in werklikheid leer dit Christene om hul verantwoordelikheid te ontduik.

Ek het oor die jare al baie Christene gesien wat vir jare lank sukkel om van hulle emosionele ontgesteldhede te genees deur op hulle posisie in Christus te konsentreer sonder om die harde werk wat nodig is vir werklike transformasie, te doen. En wanneer hulle begin om die harde werk te doen, dan val ander Christene hulle aan en skel hulle uit (baie liefdevol soos net Christene dit kan doen) vir sekulêre humaniste wat hulle geloof verloor het.

Die "Hou jou oë net op God gerig" Leerstelling

Jy moet net jou oë van jouself af wegkeer en op God gerig hou. Al die introspeksie wat jy doen, is selfgesentreerd, humanisties en waardeloos. Introspeksie is selfaanbidding. Fokus net op die Here.

Hierdie leerstelling klink so heilig en geestelik dat dit moeilik is om daarvan te verskil, veral omdat die Bybel teen selfaanbidding waarsku.

Maar om mense daarvan te weerhou om introspeksie te doen, is om die Bybel te verdraai. Die Bybel sê presies die teenoorgestelde. Die Bybel leer dat ons na binne moet kyk. Volgens Jesus is dit die eerste ding wat ons moet doen – om na binne te kyk. *"You hypocrite, first take the plank out of your own eye, and then you will see clearly to remove the speck from your brother's eye" (Matthews 7:5).*

Paulus is 'n verdere voorbeeld wanneer hy sê: *"A man ought to examine himself before he eats of the bread and drinks of the cup. ... But if we judged ourselves, we would not come under judgment (1 Corinthians 11:28,31).* Hierdie verse roep ons nie tot humanistiese selfaanbidding op nie, maar 'n Goddelike ondersoek van onself. Die Bybel leer ons dat wanneer mense God ontmoet, dan kyk hulle na binne (Jesaja 6:1-5).

Soos ons van God bewus word, so word ons bewus van ons eie sondigheid en gebrokenheid. Diegene wat leer dat ons van onself moet wegkyk, leer ons eintlik om die proses van

reiniging, genesing en heiligmaking te vermy.

Die Bybel leer ons dat geestelike groei 'n uiters selfbetrokke proses is. Ons moet gedurig na binne kyk deur belydenis, reiniging en bekering. Hierdie soort introspeksie is geen selfaanbidding en selfverheerliking nie. Ons moet nie onself verheerlik nie, maar deur onself voor Hom te verneder, kan Hy ons transformeer om aan Hom gelyk te word.

Daar is ten minste 12 goed wat ons kan doen om te groei:

1. Ons het die vermoë om verantwoordelikheid vir ons probleme te vat. Dit word belydenis genoem wat eenvoudig "om saam te stem" beteken. Net dan sal ons ophou om te blameer en verskonings vir onself te soek. Dan kan ons vir vergifnis vra en dit ontvang (1 Johannes 1:9).
2. Ons het die vermoë om ons onvermoë om ons probleme op te los, te bely en te erken. Ons is magteloos om onself te red. Ons moet op 'n plek kom waar ons beseft dat ons eie slim plannetjies ons nie kan red nie. Hou op om harder te probeer. Dit gaan net meer mislukkings bring.
3. Ons het die vermoë om vir God en ander om hulp te vra. Dit is die kern van nederigheid: ons erken dat ons dit nie alleen kan doen nie.
4. Ons het die vermoë om aan te hou soek en vra dat God en ander aan ons moet openbaar wat in ons binneste aangaan. God en mense kan ons help om onself te sien soos ons werklik is.
5. Ons het die vermoë om van die kwaad wat ons in onself ontdek, weg te draai. Verandering kom wanneer ons ons sonde voor God en ander bely, ons egte behoeftes vervul word en ons ons bekeer (wegdraai) van die kwaad wat so maklik in ons neskop.
6. Ons het die vermoë om uit te vind watter behoeftes nie tydens ons kinderjare in ons gesin vervul is nie en dan daardie behoeftes na die gesin van God toe neem waar dit vervul kan word.
7. Ons het die vermoë om diegene wat ons seer gemaak het, op te soek en dan, indien dit voordelig sal wees, om verskoning te vra, te bely wat ons verkeerd gedoen het en om vergifnis te vra.
8. Ons het die vermoë om ander wat ons seergemeen het, te vergewe. Ons herstel is nou verbind aan ons vergifnis vir ander. Dit doen ons geen goed om genade met die een hand te ontvang en oordeel met die ander hand uit te deel nie (Matteus 18:21-35).
9. Ons het die vermoë om die gawes en talente wat God ons gegee het, te ontwikkel.

God het aan ons gawes en talente gegee. Ons moet dit ontgin en gebruik (Matteus 25).

10. Ons het die vermoë om aan te hou om God te soek. God belowe ons dat ons Hom sal vind as ons aanhou om Hom te soek (Matteus 7:7-11).
11. Ons het die vermoë om waarheid en wysheid te soek. Waarheid is in God se Woord en in Sy skepping opgesluit - dit wys aan ons hoe Hy en Sy skepping funksioneer. Wysheid is praktiese, toegepaste kennis wat deur te lewe, geleer word (Hebreërs 5:14).
12. Ons het die vermoë om al hoe meer God se voorbeeld van liefde na te volg. Liefde verbind ons aan ander, maak ons harte sag en verminder ons isolasie. Praktiese liefde is die beste ding wat jy kan doen om van emosionele pyn te genees.

God sal nooit dit wat ons **self** kan doen, **vir** ons doen nie. Hy het aan ons die verantwoordelikheid gegee, in die posisie aangestel, en daarvoor toegerus, om namens Hom bestuurders hier op aarde te wees. Ons is mede-skeppers in Sy diens. Hoe gouer ons dit besef en ophou om ons eie verantwoordelikhede te ontduik deur dit weer vir God te wil teruggee, hoe gouer sal ons ophou om geestelike en emosionele sukkelbestane te voer.

Groetnis tot volgende keer
Bertie